# KINDERKERK LES: Hoe kry ek die Heilige Gees?

**Doel van les:**

Vandag leer ons dat slegs mense wat hulle harte vir Jesus gee, die Heilige Gees ontvang en dat Hy ons hartjies verander.

**Ysbreker: Quick Change Artists:** Deel die groot groep in twee gelyke kleingroepe. Laat hulle in twee rye staan met twee tafels aan die ander kant van die vertrek. Op die tafels moet daar een stel handskoene, een hoed en een ou hemp wees. Hierdie ysbreker is 'n resies waar elke lid van die span 'n kans gaan kry om te hardloop na die tafel, al die items aan te trek, dit dan weer uittrek en terughardloop na die span waarna die volgende een na die tafel gaan en dit herhaal. Die span wat eerste elkeen 'n beurt gehad het, is die wenners.

**Sê:** Sjoe julle het so mooi dress up gespeel. Maar weet julle dat hoe ek aan die buitekant lyk nie so belangrik is as hoe ek aan die binnekant lyk nie. Ons het mos geleer verlede kwartaal dat ons hartjies vuil lyk wanneer ons sonde doen en dat net Jesus ons hartjies kan skoon was. Jesus verander ons aan die binnekant wanneer ons die dag ons hartjies vir Hom gee. Dan kom woon Sy Heilige Gees in ons hartjies en Hy help ons om aan die binnekant so anders te lyk en te wees.

**GESKENK VAN GOD:**

- **YSBREKER:** laat die kinders in 'n kring staan, en speel musiek, soos die muskiek speel, stuur hulle 'n sak aan met 'n klomp geskenkies in. Wanneer die musiek ophou, vat die persoon wat die sak het 'n geskenkie vir hom/haar en speel nie verder saam nie. Die musiek hou aan totdat elkeen 'n geskenkie gekry het. (binne-in die geskenkies is elkeen van die volgende artikels)

**Geskenk van God:**
Die Heilige Gees is 'n geskenk van God wat God die Vader na ons toe gestuur het. Ons gaan nou bietjie kyk hoe ons hierdie geskenk van ons kan gebruik.

- **Hart**: wanneer ek my hart vir Jesus gee – dan kry ek die Heilige Gees (NET as ek my hart vir Hom gee)
- **Kers**: Hy wys ons wat om te doen – die lig op ons pad
- **Kombers**: Hy is ons vertrooster / comforter
- **Plug**: Hy is ons kragbron – Hy gee ons krag om moeilike dinge te kan doen
- **Uitnodiging**: wanneer ek my lewe vir Jesus gegee het, dan nooi ek die Heilige Gees uit om in my lewe te werk.
- **Huisie**: Net soos 'n huis baie kamers het, het my hartjie ook baie kamers. Daar is familie en vriende, my stokperdjies soos bv teken, sport, lees, dit waarna ek kyk en luister en nog ander kamers. Ek moet die Heilige Gees laat bly in elke kamer van my hartjie en nie sekere kamers vir myself hou nie. Hy moet my hele hart hê.

Maatjies ons het nou vandag so baie dinge geleer van die Heilige Gees en ook met ons speletjie gesien dat Hy sekere dinge doen en ons mee help.  Ons gaan volgende week bietjie meer leer van dit.

**Aktiwiteit**:  Gee vir elke kind 'n huisie wat hulle kan versier.

Sluit af met gebed.